CORE Metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
Provided by Koers (E-Journal)



# EEN EN ANDER OOR MY ERVARINGE IN DIE UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

Toe die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika my teen die einde van 1944 uitgenooi het om 'n ondersoek in verband met die stelsel van eksterne studente aan die Universiteit in te stel, het ek reeds 'n redelike agtergrondskennis daarvan besit. As student aan die P.U.K. voor sy inkorporasie as konstituerende Kollege van die Universiteit van Suid-Afrika, en dus as eksterne student van laasgenoemde kon ek die nadele van die absolute skeiding tussen onderrig en eksamen meebeleef. As lid van die Universiteitssenaat, lid van die studie-komitee vir Geskiedenis, Dekaan van die fakulteit van lettere en wysbegeerte, en eksaminator vir eksterne studente vir meer as twintig jaar, kon ek daarna die gevolge van gebrekkige studie en gevolglik die enorme slagting by die eksamens van 'n ander kant leer ken.

My ondersoek, wat so wyd moontlik opgeset was en ongeveer ses maande geduur het, het my tot die oortuiging gebring, eerstens, dat die stelsel van eksterne studie in die moderne wêreld 'n onontbeerlike aanvulling vorm van die normale universiteitsonderrig en dit des te meer in Suid-Afrika waar 'n betreklik klein blanke groep die gespesialiseerde sosiale dienste van 'n veel groter bevolking op sy skouers moet dra, en daarom elke man en vrou wat die nodige aanleg en kwalifikasies besit in die geleentheid moet stel om hom of haar vir die taak te bekwaam; tweedens, dat geen universiteit die gehalte van sy grade kan waarborg op grond van 'n eksamentoets alleen nie, maar dat die aard en die gehalte van die opleiding 'n wesenlike deel van die waarborg moet wees.

Hieruit het my aanbevelinge logies voortgevloei.

Die besluit van die Raad vroeg in 1946 om aan my die pasingestelde betrekking van Direkteur van Eksterne Studie aan te bied het my 'n in lastige dilemma beland. Van aanleg en deur voorkeur en opleiding is ek historikus en ek was besonder gelukkig in my werk as professor in die geskiedenis aan die P.U.K., waar ek die departement Geskiedenis sien groei het van die eerste begin af tot een van die grootstes aan die inrigting. Buitendien was die pioniersdae van die P.U.K. agter die rug, en met die vergroting van die personeel het 'n tyd aangebreek waarin dit moontlik geword het om naas die opleiding van studente meer aandag te gee aan navorsing en produktiewe wetenskaplike arbeid. Self het ek heelwat ysters in die vuur gehad, waaronder veral 'n breedopgesette studie van die lewe van president Kruger, waarmee reeds redelik ver gevorder was. Dit was maar al te duidelik dat die nuwe betrekking, wat uit die aard van die saak eksperimenteel van aard

sou wees, al die aandag en die kragte van sy bekleder sou vereis en dat daar van vakwetenskaplike werk weinig tereg sou kom. In werklikheid het ek reeds klaar besluit om die aanbod van die hand te wys toe 'n gesprek met my vriend en destydse hoof, die onvergeetlike prof. Ferdinand Postma, my oortuig het dat onder die gegewe omstandighede dit my plig was om dit te aanvaar.

Die organisasie van die Afdeling Eksterne Studie het heelwat moeilike probleme en werksaamhede meegebring waarvan ek bloedweinig ervaring gehad het: die steun van die Minister van Onderwys moes verkry word; vir die nodige wetgewing moes gesorg word met inagneming van die sterk en georganiseerde teenkanting van sekere gevestigde belange; kantoorakkommodasie verkry word in die naoorlogse tyd toe dit in Pretoria amper skaarser was as nuwe motorkarre; die nucleus van die administratiewe en doserende personeel gevind word, die grondslae gelê word van die onderrig van studente oor die pos en die nuwe inrigting moes ingepas word in die algemene raamwerk van die universiteitsorganisasie. Dit was inderdaad 'n tyd van volop hoofbrekens en hoofpyne.

Ek was egter gelukkig om die dienste te verkry van o.a. mnr. Ben van Rensburg, rekenmeester van die Universiteit, as sekretaris van die nuwe Afdeling, 'n amp wat min of meer ooreengekom het met die van registrateur van 'n universiteitskollege. Sy kennis en ervaring van administratiewe en finansiële sake, sy ewewigtige oordeel en lojale samewerking was vir die gesonde ontwikkeling van die nuwe onderneming van die allergrootste waarde, en dit doen my groot genoeë om my persoonlike erkentelikheid vir sy werk, wat meestal in stilte gedoen is, hier te boekstaaf.

Voor die reorganisasie van die Universiteit in 1951 het die nuwe Afdeling min of meer volgens die patroon van 'n konstituerende kollege binne die raamwerk van die federale universiteit gefungeer, met die belangrike verskil dat hy nie sy eie Senaat of Raad besit het nie, maar direk gestaan het onder die federale senaat en raad. Dit alles het 'n reeks moeilike en soms selfs pynlike aanpassings vereis, wat heelwat takt en diplomasie vereis het om onnodige wrywing te vermy.

Die groepie nuwe senaatslede, hoofde van departemente van die Afdeling Eksterne Studie, is nie met geesdrif in die federale senaatsgeledere verwelkom nie. Universiteite is oor die algemeen konserwatief en dit is goed dat dit so is. Die Afdeling was iets nuuts en ongewoons. Daar was 'n ongemaklike gevoel dat sy werksaamhede binne die kring van die universiteitswêreld net nie heeltemal respektabel was nie en afgedoen het aan die tradi-

sionele waardigheid van die universiteit en sy ampsdraers. Dit is 'n ervaring wat hom begeef in 'n uitgelese en tradisievaste geselskap maar altyd beskore is. Ons is egter geleidelik aanvaar en verdra min of meer in die gees en met die gelatenheid waarin 'n gegoede en gesiene familie 'n mindergegoede en minderbegaafde familielid aanvaar en verdra.

Die nuwe verhouding tot die studente was weer heeltemal iets anders. As bloot eksaminerende liggaam was die verhouding van die universiteit tot die eksterne studente vroeër stiptelik korrek, maar onpersoonlik en afsydig. Hulle moes nou geleer word dat die Afdeling Eksterne Studie vir hulle sou wees 'n vriend en raadgewer, dat die eksamens nie die begin en einde van alle dinge is nie, maar dat die aksent sou verskuif na 'n behoorlike wetenskaplike opleiding. Die studiemetodes wat ontwerp is, was op hierdie doel gerig: kort studie-aantekeninge met noukeurige verwysing van handboeke en naslaanwerke, tydskrifartikels e.d.m. vir verdere studie; gereelde werkopdragte; persoonlike onderhoude waar moontlik; gereelde studiebriewe om kontak te hou, studente te bemoedig en hulle algemene probleme te bespreek; vakansieskole waar die dosente ontmoet kon word en waar veral nadruk gelê sou word op die behoorlike gebruikmaking van die studieapparaat; 'n biblioteek wat as die hart van die hele studie moes dien.

Die eerste reaksie van die studente was opvallend en insiggewend. My daaglikse pos het 'n menigte briewe gebring. Baie was ontsteld en gegrief. Hulle het hulle suurverdiende geldjies betaal; hulle verwag daarvoor „volledige lesings" wat voldoende sal wees om hulle deur die eksamens te help; hulle was hardwerkende mense met gesinne om te onderhou, waar moet die tyd vandaan kom om nog boeke te raadpleeg?

Daar was egter ook baie ander wat hulle geesdrif oor en instemming met die onderrigsmetodes uitgespreek het.

Hierdie briewe is met geduld een vir een persoonlik beantwoord en die besware bespreek. Vandag word hulle nie meer ontvang nie. Resultate het die bewys gelewer dat ons op die regte spoor was; nie alleen is die abnormale slagting by die eksamens iets van die verlede nie, maar wat meer sê die kwaliteit van die werk wat gelewer word is oor die algemeen baie bevredigend.

Die Afdeling Eksterne Studie het nog skaars op dreef gekom toe 'n ernstige krisis vir die Universiteit aan die gesigseinder opgedoem het, wat selfs sy voortbestaan in die gedrang kon bring. Met die verskyning van die Brooks-verslag oor die Universiteit van Suid-Afrika in 1947 het dit duidelik geword dat die selfstandigwording van die nog oorblywende konstituerende

kolleges net 'n kwessie van tyd, en 'n baie kort tyd daarby sou wees. Welis-waar het die Kommissie aanbeveel dat die Universiteit moes bly voortbestaan in diens van die eksterne studente en met die medewerking van die ander universiteite, maar hieroor was almal in universiteitskringe dit lank nie eens nie. Tussen 1947 en 1951 het drie gedagterigtings op die voorgrond getree, nl.

1. dat die Universiteit vervang moes word deur 'n Raad van Eksaminatore;
2. dat die Universiteit opgedoek moes word en sy werk verdeel word onder twee of meer van die residensiële universiteite, 'n gedagte gebaseer op die Amerikaanse voorbeeld van universiteite met „Home Study"-afdelings;
3. die gedagte van die Brooks-kommissie wat hierbo reeds genoem is.

Die laasgenoemde gedagterigting het die grootste aanhang verwerf en in 1949 het die Raad besluit om op daardie grondslag die hersamestelling van die Universiteit voor te berei met die oog op die uittreding van die laaste kolleges in 1950 en 1951. Aan die destydse Registrateur en aan die Direkteur van Eksterne Studie is opdragte gegee om afsonderlike memoranda voor te lê met voorstelle oor die nuwe samestelling van die Universiteit. Die voorstelle is in beginsel, met afwykinge in besonderhede, aanvaar. Binne die verloop van 'n paar jaar moes die Universiteitswet nou vir die tweede maal gewysig word. Dit het 'n tydjie van intensiewe en dikwels moeilike werksaamhede ingelei in die besef dat ons besig was om die grondslae te lê van 'n eksperiment op universiteitsgebied wat uniek in die wêreld is. Met die afkondiging van Wet Nr. 30 van 1951 het 'n nuwe fase in die ontwikkelingsgeskiedenis van die Universiteit begin.

Soos nou saamgestel het die Universiteit bly voortbestaan as outonome liggaam maar met die daadwerklike medewerking van al die ander lands-universiteite. In die Senaat het laasgenoemdes 'n sterk getalle-oorwig verkry en in die Raad is hulle verteenwoordig deur hulle Hoofde of plaas-vervangers van die Hoofde.

In die nuwe Senaat was daar baie lede wat reeds in die ou federale Senaat gedien het en wat dus goed op hoogte van sake was. Desnietemin het tog 'n moeilike tydjie van heraanpassing aangebreek. Daar was bv. die vrees vir blokvorming met die skeidslyn tussen lede van die Universiteits-personeel aan die een kant en die bykomende lede uit ander universiteite aan die ander kant. Hierdie vrees het ongetwyfeld in die begin invloed uitgeoefen by die oorweging van sake en by die verkiesing van ampsdraers, maar dit

het spoedig grotendeels verdwyn toe die ervaring duidelik geleer het—wat verwag kon word—dat die verdeling tussen lede, waar dit voorgekom het, gegrond was op indiwiduele oortuigings en nie op die aard van herkoms nie. 'n Tweede psigologiese faktor was die opvatting wat in sommige universiteitskringe posgevat het, nl. dat die Universiteit van Suid-Afrika studente sou kon wegtrek van die residensiële universiteite omdat studie aan eersgenoemde finansieel voordeliger sou wees. Hierdie opvatting het die heelhartige samewerking soms bemoeilik in verband met bepaalde aspekte van die werk. Ek meen egter dat ook hierdie moeilikheid reeds grotendeels oorwin is. Persoonlik was en is ek van die oortuiging dat geen jong man of vrou wat dit kan bekostig, of vir wie dit moontlik gemaak word, daaraan sal dink om die sosiale en ander voordele van studie en verblyf aan 'n residensiële universiteit te verruil vir die moeilike en veeleisende studie as eksterne student nie, en die statistieke van ons studente bevestig hierdie opvatting.

Ek noem hierdie paar sakies net om die aard van die aanpassingsvraagstukke by die opbou van die hersaamgestelde Universiteit aan te dui. Van veel groter belang is om hier te boekstaaf dat die lede van die ander universiteite in die Senaat 'n betekenisvolle aandeel in die werksaamhede, hetsy as gewone Senaatslede of as verkose akademiese ampsdraers, geneem het en nog neem; en die Universiteit is aan hulle groot dank verskuldig vir hulle onbaatsugtige en toegewyde dienste wat meermale gepaard gaan met groot opofferings t.o.v. tyd en gerief. Inderdaad sou sonder hulle goeie dienste die deurvoering van die eksperiment, wat die Universiteit is, haas onmoontlik gewees het. En dieselfde geld ook vir die verteenwoordigers van die residensiële universiteite op die Raad.

'n Wesenlike belemmering op die weg van doelgerigte beplanning gedurende die eerste twee jaar van die hersaamgestelde Universiteit was die verdeling van gesag en verantwoordelikhede onder verskeie uitvoerende amptenare. Dit was 'n erfenis uit die verlede wat te stewig gevestig was om in 1951 toe die geleentheid daar was, te verwyder. So was die eksamenafdeling met die administrasie en die finansies daaraan verbonde, toevertrou aan die Registrateur; die opleiding van studente met die administrasie daarvan en die finansies daaraan verbonde aan die Direkteur van Eksterne Studie; terwyl tussen hulle gestaan het die verkose voorsitter van die Senaat belas met die uitvoerende gesag i.v.m. akademiese sake rakende die eksamens. Om 'n enigsins vermaaklike voorbeeld te gee van wat die uitwerking hiervan soms was, kan ek die volgende vermeld: toe die Komitee van Universiteitshoofde tot stand gekom het, is die Universiteit van Suid-Afrika ook genooi

om sy verteenwoordiger, vergesel van die Registrateur, te stuur. Die Raad kon nie besluit wie om as sy verteenwoordiger te stuur nie en het toe maar beide die Direkteur van Eksterne Studie en die Voorsitter van die Senaat benoem. Op die Komitee self het dit soms tot ironiese situasies aanleiding gegee. Die Direkteur en die Voorsitter was uit die aard van die saak nie altyd dieselfde sienswyse toegedaan nie, wanneer sake rakende die Universiteit van Suid-Afrika bespreek is. Die Universiteit het dan uit twee monde gepraat. Buitendien het elke Universiteit maar een stem, en wanneer dit tot stemming gekom het, wat wel een en ander maal gebeur het, het nie een van die twee verteenwoordigers van die Universiteit van Suid-Afrika geweet wie nou eintlik geregtig was om 'n stem uit te bring nie!

Die goeie persoonlike verhoudinge tussen die persone wat met hierdie funksies belas was het ernstige wrywing voorkom, maar dit was duidelik genoeg dat 'n doelgerigte konstruktiewe beleidsvoering, wat terselfdertyd vooruitstrewend, doeltreffend en tog spaarsaam sou wees, haas onmoontlik was, sonder dat die betrokke persone daar ook maar iets aan kon doen.

Dis dan ook hoofsaaklik hierdie oorweginge wat die Raad in 1953 daartoe gebring het om die amp van Direkteur te verander tot die van Prinsipaal met 'n oorvleuelende gesag oor alle aspekte van die Universiteitswerksaamhede. Hierdie organisatoriese verandering het die weg gebaan vir 'n veel meer doelgerigte beleidsvoering, sneller en meer doeltreffende optrede, 'n voordeliger aanwending van alle werkkragte en 'n meer konstruktiewe finansiële beleid.

Hierdie stap is in 1955 opgevolg deur die verbinding van die prinsipaalsamp met die van vise-kanselier, wat beskou moet word as die afronding van die beleid van sentralisasie van die uitvoerende gesag.

* * *

My werk aan die Universiteit van Suid-Afrika het my in voortdurende aanraking gebring met alle seksies van ons kosmopolitiese bevolking. Dit het vir my 'n waardevolle insig gegee in die opvoedkundige behoeftes en aspirasies van die Nie-blankes en veral van die Bantoe. Die Bantoevolke is vinnig besig om te ontwikkel van die primitiewe agrariese en pastorale ekonomie, wat hulle lewe in die vorige eeu gekenmerk het, na 'n meer gedifferensieerde dorps- en stedelike lewenswyse en ekonomie. Dit bring mee 'n steeds toenemende vraag na gedifferensieerde en gespesialiseerde sosiale dienste. Vir die relatief klein blanke bevolking, met sy beperkte mannekrag, word dit gaandeweg moeiliker om die dienste, met die finansiële implikasies

daarvan, vir homself en vir 'n nie-blanke bevolking, wat hom in getalle ver oortref, te lewer. Dit word gaandeweg meer en meer nodig dat die Nie-blankes hierdie dienste in hulle eie gemeenskappe self sal lewer. Daarvoor is opleiding nodig; en dit is van die grootste belang dat die opleiding van die regte aard sal wees en in die regte gees sal geskied, en nie planloos soos in die verlede nie. Op die gebied van die hoër onderwys vir Nie-blankes het die Universiteit reeds lang en grondige ervaring en ek is daarvan oortuig dat hy kragtens sy aard, samestelling en beheer die aangewese liggaam is om in die toekoms op te tree as pleeginrigting vir universiteits-kolleges vir Nie-blankes, soos hy dit in die verlede was vir die universiteitsinrigtinge vir blankes. In hierdie lig moet die onlangse stap om die Pius XII-Kollege in Basoetoeland te erken as geassosieerde kollege gesien en beoordeel word.

* * *

Die afgelope tien jaar waarin ek die eer gehad het om die Universiteit van Suid-Afrika in verskillende hoedanighede te dien, was 'n tyd van storm en drang wat ten slotte uitgeloop het op 'n byna volslae gedaanteverwisseling. In baie opsigte is die Universiteit enig in sy soort, maar ek twyfel of daar vandag nog in ingeligte kringe baie mense is wat of die noodsaaklikheid of die waarde van die opvoedkundige dienste wat hy geroepe is om te vervul sal betwis. Ek meen dat Suid-Afrikaners trots kan wees op hierdie eksperiment op die gebied van die hoër onderwys.

In 'n terugblik oor hierdie tyd is van my aangenaamste herinneringe die vrugbare samewerking in diens van die onderwys met soveel van my Potchefstroomse oud-kollegas en lede van ander universiteite, en heel in die besonder met lede van die Universiteitspersoneel wat saam met my in die tuig gestaan het.

A. J. H. V.D. WALT.

——oOo——